

## INHOUDSOPGAWE

As daar gevloek word...	1
'n Geheim—ook al word dit orals oorvertel	4
Die Engel van die Here	6
Moenie oordeel nie	8
Die skepping	10

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## AS DAAR GEVLOEK WORD...

G van Roekel

*As daar gevloek word . . . , wat dan? Dit is inderdaad 'n belangrike vraag. 'n Voorbeeld: jare gelede het ek in een van ons kerke by 'n gemeente-aand gepraat oor die derde gebod: jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie. Na die pouse was daar soos gebruikelik 'n bespreking. En wat het geblyk? Al die vrae het oor net een aspek van die lesing gehandel, naamlik hoe jy as Christen 'n gevloek en gespot oor die Here en sy diens in die daaglikse lewe moet hanteer.*

Daar was 'n broer en suster wat oor hulle besigheid gepraat het. Hulle het gereeld besoekers ontvang. Net so gereeld het hulle egter woorde gehoor wat hulle nie wou hoor nie; beslis nie in hulle besigheid nie. Maar dit was kliënte wat gesorg het vir brood op die tafel. Hulle het gevra hoe hulle dit moet hanteer.

'n Ander gemeentelid het haar verhaal vertel terwyl sy met moeite haar emosies bedwing het. 'n Jarelange vriendskap met 'n ander egpaar is verbreek as gevolg van 'n opmerking wat sy gemaak het oor die vriend se gevloek. 'n Bietjie wanhopig het sy gevra: wat moet ek doen? Jy wil iemand in liefde wys op die misbruik van God se Naam. Jy wil ook 'n



waardevolle vriendskap behou. Wat nou?

Kortom, die praktyk vereis dat ons besin oor die vraag hoe ons 'n gevloek en 'n gespot met God hanteer. Ek doen dit met 'n mate van huiwering. Dit is immers 'n pynlike onderwerp, omdat daar volgens die Kategismus geen sonde is wat die Here meer vertoorn as die lastering van sy Naam nie. Iemand wat dit besef, kan moontlik beswaard voel om juis oor die misbruik van sy Naam na te dink. Maar as ons na die praktyk kyk, besef ons dat dit tog nodig is.

### Positiewe bedoeling

Om mee te begin, laat my toe om te beklemtoon dat die bedoeling van die derde gebod positief is. Die derde gebod sê: God het 'n naam en Hy maak hierdie Naam bekend. Ons het nie 'n anonieme God nie, maar 'n God wat sy Naam — dit is: sy wese —

openbaar! God se Naam is as 'n geskenk aan ons gegee! Die bedoeling is dat hierdie Naam op 'n positiewe manier gebruik moet word; in smeekbede en lofsang, as pleitgrond en as getuienis.

Terwyl die Here bedoel het dat daar positiewe gebruik moet wees, is daar ewenwel ook misbruik moontlik. Dit is moontlik én dit gebeur. Misbruik neem die vorm aan van 1. growwe vloeke: woorde waarmee die mens God se verdoemenis oor homself afroep; 2. uitdrukkings en uitroepe waarin die woorde 'God' of 'Jesus', of dele daarvan, voorkom; 3. 'n gespot met God, wat wissel van grappies oor God (waarin die klem op humor val) tot werklike bespottings van die Here (waarin die klem val op veragting).

**Raak dit ons as God se Naam misbruik word? Maak dit ons seer as die heilige Naam van God gelaster word?**

Die misbruik van God se Naam is nie beperk tot die hedendaagse tyd nie. Ons lees ook in die Bybel daarvan. In 2 Kon. 18 en 19 lees ons hoe die Rábsake, die bevelhebber van die Assiriese leër, die Here, die God van Israel, teenoor die inwoners van Jerusalem smaad en tart deur Hom gelyk te stel met die magtelose gode van die ander volke (2 Kon. 19: 4). In Matt. 26: 72-74 staan daar dat Petrus met die sweer van 'n eed — dit wil sê met aanroeping van God se Naam — ontken het dat hy een van Jesus se volgelingen was. Dit is die misbruik van God se Naam om 'n leuen te bekragtig. Boonop het dit gebeur binne die kring van Christus se volgelingen.

Wat dan al in die tyd van die Skrif voorgekom het, het in meer onlangse tye nie veel beter geword nie. 'n Mens kan hoogstens sê dat die

'moderne misbruik' soms minder bewustelik gebeur. Die moderne mens is onder die wanindruk dat God dood is en daarom is hy nouliks bewus van wat hy doen as hy die Naam van God as kragwoord of as stopwoord gebruik. Maak dit dan die erns van die misbruik minder? Is dit daarom minder noodsaaklik dat ons moet besin oor hoe ons 'n gevloek en gespot moet hanteer? Ek dink nie so nie.

Daarom vra ek: hoe hanteer ons dit?

### **Óns hart**

Ons kan slegs begin om die vraag te beantwoord deur eers na ons eie harte te kyk, want die belangrikste vraag is nie wat moet ons doen nie. Die belangrikste vraag is: wat doen 'n gevloek en die bespottings van God en sy diens met óns? Doen dit iets met ons of nie? Raak dit ons as God se Naam misbruik word? Maak dit ons seer as die heilige Naam van God gelaster word? Pla dit ons net omdat 'n gevloek onfatsoenlik of onbeskaafd is . . . ? Of omdat ons die Here ken as óns God?

Wat dit betref, is die derde gebod duidelik. Dit gaan oor die Naam van Hom wat om Christus se ontwil óns God wil wees. Deur die geloof kry die verbondsverhouding gestalte in vertroue en liefde, sodat ons Hom ken en bely as óns God.

Waar hierdie verhouding funksioneer, sal die misbruik van God se Naam ons pla. Daar word Hy, vir Wie ons deur die geloof ons Here en Heiland mag noem, aangetas. Omgekeerd: waar die lewende geloofsband ontbreek, daar ontbreek dit wat die allerbelangrikste is. Dan kan ons met allerlei argumente die misbruik van God se Naam teenstaan, maar daar ontbreek by ons die houding wat by die derde gebod pas. Dan sal ons harte gou ongevoelig en onverskillig word vir die misbruik van God se Naam.

Daar geld eintlik net een eenvoudige reël: gaan

**God is nie die groot 'Ek WAS' nie, Hy is die groot 'Ek IS'.**

bid! Die daaglikse gebed is die enigste manier om weer die heiligheid van God te besef. Dit is terselfdertyd 'n kragtige geneesmiddel teen ongevoeligheid en onverskilligheid. Iemand wat leer om God se Naam gereeld met eerbied te gebruik, sal vind dat misbruik daarvan hom met verloop van tyd al hoe meer pla. Hy sal dit ook nie langer stilswyend kan aanhoor nie.

### **Nie te gemaksugtig nie**

Laat ons vanuit die praktyk hierna kyk. Hoe moet 'n Christen 'n gevloek en gespot in die daaglikse lewe hanteer? Moet jy iets sê? Moet jy stilbly?

In die eerste plek dra elkeen sy eie verantwoordelikheid voor die Here God. Niemand is verantwoordelik vir wat iemand anders doen of sê nie. Ek is nie verantwoordelik vir die ander persoon wat vloek nie. Ons is wel verantwoordelik vir die manier waarop ons daarop reageer. In daardie verband is daar twee woorde wat ek graag wil gebruik: laat ons nie te gemaksugtig en ook nie te krampagtig wees nie.

Eerstens: gemaksugtig. Daarmee bedoel ek dat ons 'n gevloek en gespot aanhoor sonder enige reaksie van ons kant. Mens kan dit 'n stilswyende houding noem. As God die Here die misbruik van sy Naam as ernstig beskou, behoort sy kinders dit dan nie ook te doen nie? Bowendien sê die Skrif en belydenis dat stilsweye 'n mens op 'n bepaalde manier medepligtig maak (Lev. 5: 1, Son. 36 HK). Is swye nie dikwels die gevolg van vrees vir mense se reaksies nie?

Laat ons daarom waak teen 'n gemaksugtige houding. Laat ons ook die slaggate raaksien. Om te swyg, pas ons gewoonlik beter as om te praat, maar dit is en bly ons roeping om op te kom vir die eer van die Here. Dit is net so wel ons roeping om die misbruik van God se heilige Naam teen te staan.

Dit is ook moontlik om dit te doen. 'n Mens kan

met so 'n persoon gesels wanneer julle alleen is. 'n Mens kan dan eenvoudig sê: as jy nie gevloek het nie, sou ek jou nog net so goed kon verstaan. 'n Mens kan selfs verder gaan en iemand vra om nie God se Naam te misbruik nie, omdat dit vir ons persoonlik aanstoot gee. Ons moet bloot gerig wees op die moontlikhede wat die Here gee. Uiteindelik sal ons moet erns maak met die woorde van Jesus: *“Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is”* (Mat. 10: 33,34).

### **Nie te krampagtig nie**

Aan die ander kant meen ek ook dat ons nie te krampagtig moet wees nie. God vra nie van sy kerk om 'n klopjag te organiseer teen vloekers of 'n heilige oorlog te ontketen teen almal wat met Hom en sy diens spot nie. Die Here vra wel dat ons die tyd sal uitkoop (Kol. 4: 5), dat ons elke geleentheid wat ons kry, sal benut. Nie elke geleentheid of situasie is geskik nie. Om daardie verskil te kan raaksien, is volgens dieselfde teks 'n saak van wysheid; wysheid wat rekening hou met 'die wat buite is'. Ons vind dieselfde gedagte ook in die boek Spreuke waar daar by herhaling aangedui word dat die wyse man — hy wat wandel in die vrees van die Here — ook weet wanneer om stil te bly.

Nie te gemaksugtig nie, en ook nie te krampagtig nie. Hierdie houding veroorsaak in 'n Christelike lewe altyd spanning. Wanneer om te praat? Wat om te sê? Wanneer om stil te bly? Sulke spanning is in hierdie lewe onvermydelik, maar nie ondraaglik nie. Dit word gedra deur te bid om die Heilige Gees, wat ons die sensitiwiteit wil leer om die dinge waar dit op aankom te onderskei (Fil. 1:9); dit word gedra deur die gebed wat Jesus self vir ons geleer het: Laat u Naam geheilig word...

**God is nie lief vir ons omdat ons so waardevol is nie, maar ons is so waardevol omdat God so lief is vir ons.**

- Martin Luther

# ‘N GEHEIM—OOK AL WORD DIT ORALS OORVERTEL

*E Viljoen*



*...ons spreek die wysheid van God, in verborgenheden wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbereid het tot ons heerlijkheid...*

1 Korintiërs 2: 7

Wanneer ons sê: “Laat ek jou eers gou ‘n geheim vertel”, het ons geen geheim meer as die aap uit die mou is nie. ‘n Geheim wat rondvertel word, is geen geheim meer nie. En tog praat Paulus op ‘n heel besondere “geheim” wat ‘n geheim bly selfs al word dit oral rondvertel. Trouens, Paulus se hele prediking het bestaan uit die rondvertel van hierdie “geheim”. Hy en sy medewerkers het God se wysheid-evangelie as ‘n “geheimenis” rondvertel. ‘n Geheim wat steeds ‘n “misterie” bly selfs nadat jy dit die soveelste keer gehoor of self oorvertel het. In die evangelie gee die Here geheimenis-kennis aan mense. Kennis wat selfs nadat jy dit aanvaar het, jou steeds laat uitroep: “Maar hoe is dit moontlik?! Wie sou dit ooit kon uitdink?!”. Dit laat jou elke keer en steeds weer in verwondering...

Waarom praat Paulus só oor die evangelie as ‘n geheim wat nie deur almal aangeneem word nie? Hy wil daarmee ‘n verklaring gee vir die feit dat nie almal in Korinthe verenig is in dieselfde gesindheid en dieselfde denkwys (“mind-set”) nie. Die rede vir die verdeeldheid in Korinthe is nie somer ‘n saak van smaak en voorkeure nie. Dit raak die hart van die lewe met die Here. Dit gaan oor die vraag na wat die plek is wat Christus in jou lewe inneem. Meer spesifiek selfs. Dit gaan oor die vraag hoe jy na die kruis van Christus kyk.

## Verwondering

Is dit vir jou ‘n publieke geheim waarvan jy kennis geneem het en jou verder koud laat? Of is dit vir jou die geheimenis van die Here se genadewysheid? ‘n Bekende boodskap wat jou altyd weer en steeds meer in verwondering laat. In Korinthe was die kruis van Christus vir sommige geen “misterie” nie. Dit was ou nuus. Soos ‘n kind wat verveeld raak met ‘n speelding sodra hy alles uitgevind het wat die ding kan en nie kan doen nie. Waar die “geheimenis” van Christus, die gekruisigde verdwyn, kom daar verdeeldheid in die gemeente. Wanneer die verwondering oor Christus verdwyn, kom die verwonding van mekaar.

Paulus wil die gemeente weer saam terug hê by die gekruisigde Christus. By die lewende Persoon. “Die Here van die heerlijkheid”, soos Paulus vir Jesus noem (2:8b). Dit is wanneer Christus as gekruisigde sy regmatige plek as Hoof van die gemeente inneem, dat die

**Die kromste boom sal hout verskaf vir God se tempel. As dit so God se wil is.**

- Thomas Fuller

verdeeldheid verdwyn. Die eenheid van die gemeente lê in die saam verbind wees aan Jesus, die gekruisigde. Ons heerlijkheid lê in die Here van heerlijkheid – Jesus Christus. Waar hierdie band nie meer 'n lewende werklikheid is nie, word 'n gemeente soos los sand langs mekaar. Erger! Hulle begin teen mekaar te stry. Dit verdeel.

## Wanneer die verwondering oor Christus verdwyn, kom die verwonding van mekaar.

### Uit die hart van God

Terug by die gekruisigde Christus, beteken dat die verwondering oor die genade van die Here weer 'n plek moet kry in die gemeente. Die besondere daarvan moet weer gaan leef in die gemeente. Dit moet weer raakgesien word dat die wysheid van die evangelie nie 'n wysheid van hierdie wêreld is nie. Die evangelie van Jesus die gekruisigde, kom nie uit die hart van 'n mens op nie. Dit kom uit die hart van God. Paulus se evangelie is nie mense-wysheid nie. Dit is God-wysheid. Dit is wysheid wat van alle ewigheid in die hart van die Here God was. Die evangelie wat nou 'n bekende geheim is, was van ewigheid af God se plan om sondaarmense tot by Hom in sy heerlijkheid te bring.

Dit wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor

en in die hart van die mens nie opgekom het nie – dit het God gereed gemaak vir die wat Hom liefhet (2:9). Hy het sy Seun gestuur om vir jou en my aan die kruis te kom sterf, sodat sy ewige liefde die mag van die sonde oor ons lewens tot niet kan maak. Hierdie reddingsplan het God self uitgedink. Hy het daarin geen raadgewers gehad nie.

Daarom het Hy dit aan ons bekend gemaak deur sy Gees. Hierdie Gees deursoek alle dinge... ook die diepste hartsgeheime van God. Geen mens kan sommer-so uitvind wat in die hart van God leef nie. Die wonder van God se liefde, is dat die Gees van God dit wat in God leef, aan ons bekend kom maak het. Die Gees verstaan die wysheid van God. Want die Gees is self ook God!

Die mooi is dat waar mense so maklik wegsteek wat werklik in hulle harte leef, die Gees van God só anders is. Hy het bekend kom maak wat in God se hart aangaan. Dit is wonderlik! Kan u verstaan waarom Paulus sê dat die wysheid wat hy verkondig, nie van hierdie wêreld is nie. Dit is heel letterlik uit 'n ander wêreld! Uit God se hart. En hierdie wysheid bly 'n geheimenis, selfs nadat dit publiek bekend gemaak is. Dit laat mens staan voor die geheimenis van God se sondaarsliefde. Die liefde sonder peil! Liefde wat nie gemeet kan word deur menslike maatstawwe nie. Die diepte hiervan is 'n diep put waarvan die bodem nie gesien kan word nie.

Interactive video games introduce kids to a fantasy world that features amazingly lifelike characters, detailed images of brutality and an audio mix of heart-pounding music, macabre sound effects and authentic voices. Unlike movies and TV, where you watch the violence, the game lets you feel the sensation of committing violent acts. When you're into the game, you're in the game.

Pamela Sherriffs (Computer violence, in: *Reader's digest* Jan 2001:98)

**Ons het nog steeds die eenvoudige plig om te erken dat almal wat in dieselfde belydenis hulle geloof uitspreek, bymekaar hoort**

- K Schilder

# DIE ENGEL VAN DIE HERE

M Brink



In lank vervloë tye, in die dae van weleer, daar lê sy oorsprong (Miga 5:1). Dit vertel Miga oor die Messias. Tog is dit 'n wonder. Waarom sien ons Hom dan nooit in al die duisende jare van die Ou Testament nie? Van die Gees word daar gereeld gepraat, al van die eerste vers van Genesis af, maar van die Seun?

Of het Hy wel van Hom laat hoor, maar was Hy net nie so maklik herkenbaar as 'n aparte persoon in God nie?

Dit is goed moontlik. As 'n mens met Nuwe Testamentiese oë terugkyk, kan jy beslis meer sien as die mense van toentertyd.

Dan val allereers die figuur van 'n besondere engel op. Daar is natuurlik verskillende soorte engele, maar soms tree daar 'n engel op wat aangedui word as 'die engel van die HERE' en wat besondere gesag skyn te hê. Hy word die eerste keer genoem in Genesis 16, waar Hy Hagar, hartseer en kwaad, aantref by 'n put langs die karavaanroete na Sur. Sy kon Sarai se

vernederings nie langer verdra nie, en nou wou sy terugkeer na haar geboorteland Egipte. Maar dan staan die engel skielik voor haar. 'n Engel, dus nie God self nie. Hy praat dan ook van Jahwe in die derde persoon: "*Die HERE het jou in jou ellende verhoor.*" Maar hy praat ook in die eerste persoon: "*Ek sal jou nageslag grootliks vermeerder.*" Dit is nie so verbasend nie, want 'n gesant kan die woorde van die een wat hom gestuur het, letterlik aanhaal. Profete doen dit dikwels genoeg. Maar 'n entjie verder staan daar dat God self met Hagar gepraat het. Val die gesant dan heeltemal voor die Een wat hom gestuur het weg, of was hy meer as 'n gesant?

Eeue later verskyn daar so 'n engel aan Gideon: "*Die HERE is met jou, dapper held!*" Daar volg 'n hele gesprek waarin dit dan ineens blyk dat die HERE self aan die woord is (Rigt. 6:14). En wanneer daar 'n vlam uit die rots opgaan om die maaltyd vir die belangrike gaste te verteer, dan begryp Gideon dat dit 'n engel van Jahwe was, en hy roep angstig: "*Ag, Here HERE!—want ek het die Engel van die HERE gesien van aangesig tot aangesig!*" Kennelik is dit net so gevaarlik as om Jahwe self te sien.

Manoag, die vader van Simson, het op soortgelyke wyse gereageer. Wanneer hy begryp dat 'n engel van die Here aan hom en sy vrou verskyn het, sê hy: "*Ons sal sekerlik sterwe, omdat ons God gesien het*" (Rigt. 13:22).

Nog eeue later het Sagaria in 'n gesig gesien dat die hoëpriester in vuil klere voor die engel van die HERE staan. Die engel maak names God 'n belofte aan die hoëpriester: "*So sê die*

**As God met sy verbondstraf en wraak kom, is die wonder dat daar altyd ook weer 'n pad oopgebreek word na 'n beter toekoms.**

- I de Wolff

*HERE van die leërskaare...* (Sag. 3:7). Maar net daarvoor sê hy: “*Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere.*” Dit lyk asof hy dit op eie gesag kan sê — en as dit werklik Christus is wat hier aan die woord is, dan is dit geensins verbasend nie, want wie anders as Hy kan ‘n mens van skuld reinig? Dit is ook veelseggend dat hierdie selfde engel in die eerste gesig by die HERE kla dat dit so lank duur voordat Hy ontferming toon (Sag. 1:12). Hoor jy hierin Christus vir ons voorbidding doen?

**Die Engel van die HERE trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.**

Dit is nie honderd persent seker nie. Maar al hoe meer tekste begin opval wanneer ‘n mens besef dat daar moontlik na die Christus-voor-sy-menswording verwys word. In Exodus 23 belowe die HERE om ‘n engel voor die volk uit te stuur om hulle op die pad te bewaar en hulle veilig na Kanaän te bring. ‘*Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie*

*vergewe nie, want my Naam is in Hom.*’ Hierdie engel het kennelik buitengewone volmag.

En dan Jesaja 63:9, waar Jesaja sing van die barmhartigheid van Jahwe: ‘*In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hy hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en gedra, al die dae van die ou tyd. Maar hulle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef...*’ Hier hoor ons al in die Ou Testament ‘n trinitariese teks (teks oor die Drie-eenheid van God)!

Het hulle toe besef wie die engel was? Dit is goed moontlik. Maleagi voorspel (3:1): ‘*...dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle ‘n begeerte het.*’

Dit word nog in bedekte terme in die Ou Testament geskryf. Maar wel op so ‘n manier dat gelowiges toe ook genoeg rede gehad het om verwonderd te vra: wie is Hy dan tog?

*Die Engel van die HERE trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.*

Psalm 34:8.

**Miskien lê die diepte van ons geestelike krisis daarin dat die evangelie vir ons nie meer so asemrowend is dat ons selfs daarvoor sou sterwe nie. Dat ons so deur ons welvaart weggevoer word, dat ons nie meer kan ervaar hoe groot Christus werklik is nie.**

**Waarom sou ons ons lewe volkome aan iemand wy vir wie ons nie bereid is om ons lewe te gee nie?**

**BJG Reitsma**

**Reddende geloof is ‘n rustende geloof – dit vertrou vir alles volledig op die Verlosser.**

**- John RW Stott**

# MOENIE OORDEEL NIE!

A Stewart



Daar is deesdae 'n baie populêre, maar ook baie verkeerde, interpretasie van Mattheüs 7:1. Dit beteken, sê baie, dat absoluut alle oordeel verkeerd is. Jy moet nie gelowe of kerke of leerstellings of mense of beginsels oordeel nie, want het Jesus dan nie gesê “*Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie*”? Volgens hierdie siening mag mens nie sê dat heidense godsdienste afgodery is nie (Eksodus 20:3; 1 Korinthiërs 10:20), dat aborsie moord is nie (Eksodus 20:13; Psalm 139:13-16), dat vrye wil 'n valse leer is nie (Johannes 6:65; Romeine 3:11) of dat die beoefening van homoseksualiteit 'n gruwel is nie (Levitikus 18:22; Romeine 1:26-27). “*Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie*”! In wese is die enigste ding wat dus met oordeel verkeerd is, is dat verskeie dinge en mense verkeerd is, en dat die enigste deug is om alles te verdra. “Ek’s OK en jy’s OK!” Daar is geen absolute standaard nie; alles is relatief en net oordeel word verbied. Om te oordeel is dus sonde — as daar nog iets soos sonde is!

Hierdie siening en interpretasie van Mattheüs 7:1 is dwaas en logies teenstrydig. As alle

oordeel verbode is, is dit ook verbode om iemand vir veroordeling te oordeel! Om iemand vir oordeel te oordeel, word immers ook deur hierdie (vals) interpretasie van Jesus se woorde, “*Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie*” verbied!

Die Bergpredikasie (Mattheüs 5-7) — waarin die teks voorkom — vereis 'n oordeel van ons. Dink aan die woorde van ons Verlosser in Mattheüs 5. Hy oordeel doodslag, selfs om vir jou broeder sonder oorsaak kwaad te wees (21-26); owerspel, selfs om na 'n vrou te kyk om haar te begeer (27-30); egskeiding, behalwe omrede hoerery (31-32); en verskillende soorte van eedswering (33-37).

Oordeel word ook vereis om die leer van Christus in Mattheüs 6 oor aalmoese en liefdadigheid (1-4), gebed (5-15) en vas (16-18) te gehoorsaam, want mens moet dié dinge nie doen (soos die Fariseërs) om gesien te word nie. Die Here Jesus oordeel die volgende as sondige handeling: om vir onself skatte op aarde bymekaar te maak (19), om te probeer om God én Mammon (geld) te dien (24), om ons te kwel oor ons aardse behoeftes (25-34).

Ons vind dieselfde in Mattheüs 7. Ten einde die verbod van Christus om ons pêrels voor die varke te gooi, te gehoorsaam, moet ons die mense wat hy as “honde” en “varke” kenmerk, kan onderskei (6). En hoe kan ons ag gee op Jesus se waarskuwing teen vals profete as ons hulle nie (soos Hyself sê!) aan hulle vrugte oordeel (15-20), nie?

**Dit is beter om die ‘gekiesde’ van God te wees as die gekiesde van 'n hele nasie.**

- CH Spurgeon



Daar is baie ander situasies wat (behoorlike) oordeel verg. In I Korinthiërs 6:2-3 staan daar dat gelowiges in die laaste dag die goddelose en die engele sal oordeel. Op grond hiervan sê Paulus dat die heiliges in die kerk nou reeds regverdig moet oordeel (1, 4-5). Klaarblyklik word dit nie deur die woord van Christus, “Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie”, verbied nie.

Regters is geroepe om in burgerlike sake te oordeel. 'n Moordenaar word voor die gereg gebring en 'n dief word geregtelik vervolgt. Vir iemand om in die openbare galery van 'n hof op te spring en, op grond van Matthéüs 7:1, uit te roep, “Moenie oordeel nie, edelagbare!” sal nie deug nie.

Ouers moet ook oordeel. Was die gedrag van hulle seun of dogter sonde (gemeet aan die beginsels van die Woord van God)? Wat is die mees gepaste liefdevolle tug in dié geval? Vermaning? Of regverdig dit fisiese tugging?

Kerkrade is ook geroepe om regverdig te oordeel. 'n Lidmaat loop die pad van Matthéüs 18:15-20 met 'n ander lidmaat. Dié lidmaat versuim, jammerlik, om hom na herhaalde vermanings te bekeer. Dan word die saak ingevolge die prosedure van die kerkorde voor die ouderlinge gelê.

Ook gemeentes is geroep om voorgangers in die kerke Bybels te oordeel. Die kerk van Éfese is deur Christus geprys omdat hulle vals apostels geoordeel het (Openb. 2:2). Die gemeente van Thiatíre is deur die Verlosser bestraf, omdat hulle ene Isébel, wat die heiliges geleer en verlei het, verdra het (20).

Elke gelowige word beveel, soos in 1Korinthiërs 11:28, om homself of haarself in die lig van die Skrif te oordeel: “Maar die mens moet homself beproef . . .” Dit is veral ons roeping wanneer

ons voorberei vir die Nagmaal van die Here, soos blyk uit die konteks van 1 Korinthiërs 11 (*Nederlandse Geloofsbelydenis* 35; *Heidelbergse Kategismus*, V. & A. 81).

In werklikheid word die kind van God deur sy hemelse Vader beveel om in verskeie hoedanighede en maniere te oordeel. Die gelowige is immers 'n profeet, priester én koning. As konings moet ons oordeel met 'n regverdige oordeel ooreenkomstig die leer van Christus wat in die Skrif geopenbaar is.

**Die Christen oordeel vanuit sy posisie of amp in die lewe, met behoorlike inagneming van die feite, met genade, in liefde, in ootmoed, en ooreenkomstig die beginsels van die Skrif.**

Martin Luther is bekend vir sy gevierde weerlegging van die humanis Erasmus aan die begin van sy *Die geknegte wil*, waar hy sê dat 'n belydende Christen moet oordeel (ooreenkomstig Bybelse waardes), so nie openbaar hy dat hy nie 'n gelowige is nie. “Om nie in verklarings genoeë te hê nie, is nie 'n kenmerk van die hart van 'n Christen nie; om hoegenaamd 'n Christen te wees, moet 'n mens vreugde vind in verklarings. Sodat ons nie deur woorde mislei word nie, laat my dadelik sê dat ek met ‘verklaar’ bedoel om standvastig by jou standpunt te bly, dit te stel, dit te bely, dit te verdedig en onoorwonne daarmee te volhard . . . Ek praat daarvan om te verklaar wat ons in die Heilige Skrif van bo gegee is . . . Neem dié verklaring weg en jy neem Christendom weg. Die Heilige Gees is immers uit die hemel aan Christene gegee sodat Hy Christus in hulle sal

**Christus is die bron, maar ook die einddoel van geestelike groei.**

*verheerlik tot die dood toe — en wat is dit anders as 'n verklaring, om te sterf vir wat jy bely en beweer?” Dan vra Luther aan Erasmus: “Wat is hierdie nuwerwetse godsdiens van jou . . . dat jy die bevoegdheid om die besluite van die mens te oordeel van ons wil wegneem en ons dwing om ons, sonder kritiek daarvan, by menslike beslissings neer te lê? Waar in die geskrewe Woord van God word ons geleer om dit te doen?” Waar inderdaad!*

Die Christen oordeel vanuit sy posisie of amp in

die lewe (bv. ouer, regter of ouderling), met behoorlike inagneming van die feite (aan beide kante), met genade (inagnemend versagtende omstandighede), in liefde (vir die Drie-enige God en sy waarheid, en vir sy naaste), in ootmoed (as 'n dienskneg en nie as 'n heer nie) en ooreenkomstig die beginsels van die Skrif.

Volgende keer, as die Here wil, sal ons aan die (sondige) oordeel wat ons Here verbied, wat ons nie moet doen nie, aandag gee.

## DIE SKEPPING

*JH Doornbos*



As ons op 'n Bybelstudie-aand praat oor Genesis 1, waaroor praat ons gewoonlik? Wat neem gewoonlik die meeste tyd in beslag? Ek noem 'n paar vrae wat gereeld gestel word: Gaan dit dalk oor die lengte van die skeppingsdae in kombinasie met die onlogiese volgorde van die eerste ten opsigte van die vierde dag? Of oor hoe dit moontlik is dat God al op die derde dag plante geskep het? (Hulle is mos afhanklik van die son wat eers op die vierde dag geskape is?) Of gaan

dit moontlik oor die vraag hoe 'n leeu voor die sondeval homself moes voed? (na sy aard is dit mos 'n vleiseter; terselfdertyd voel ons dat tv-beelde van so 'n roofdier wat 'n sebra bespring, nie baie paradyslik is nie). Of miskien wonder u oor die vraag waar die paradys geleë was. Of as laaste voorbeeld: word daar baie tyd spandeer aan die kwessie of die hemel en die aarde op of voor die eerste dag geskape is?

### **Om die regte vrae te stel**

Hierdie en soortgelyke vrae is op 'n manier natuurlik interessant en dit is ook nie verkeerd om 'n slag daaroor na te dink nie. Vir sommige mense is dit vanweë hul studie of beroep selfs amper 'n moet. En tog wil ek sommer aan die begin van hierdie artikel ook hierteen waarsku. Jy kan naamlik sommer gou verlore raak in spekulasies en/of eksegetiese besonderhede waaroor Skrifgetroue teoloë al soms jare en jare van mening verskil.

Die gevaar is nie denkbeeldig nie dat op 'n By-

**Die punt is nie dat die wêreld so groot is dat dit so baie liefde neem om dit te omhels nie, maar dat die wêreld so sleg is dat dit 'n onuitspreeklike groot Koning van liefde vra om dit enigsins te wil liefhê.**

- RB Kuiper

belstudie-aand enkele van daardie besonderhede so opgeblaas word, dat die verhoudings verlore raak. Hiermee bedoel ek dat ons alles van iemand se geloof wil sê na aanleiding van die antwoord op die vraag: hoe lank was die dae in Genesis 1? Ek sal later nog weer hierop terugkom.

Die tweede risiko is dat jy nie by die ware inhoud van Genesis 1 op so 'n Bybelstudie-aand uitkom nie. Dit sou baie jammer wees, want die eerste hoofstukke van die Bybel is sekerlik van groot funderende betekenis van ons geloof. Wat leer ek daar van my/ons God? Wat doen ek byvoorbeeld met die gegewe dat God geskep het? Watter verband is daar tussen die skepping en die belydenis van God se voorsienigheid? Wat sê dit vir ons dat God alles op so 'n fraai en geordende wyse in ses dae geskep het? Wat beteken dit dat my Skepper op die sewende dag gerus en juis daardie dag geseën het? Wat kan ek daaruit leer oor die mens? (Let op die verwoording van die skepping van die eerste twee mense.) Waarom is dit belangrik om te weet dat ons almal van Adam en Eva afstam? Het die mens nou nog iets van die beeld van God? Het die huidige wêreld nou nog iets van die paradys? Kyk bietjie hoe die apostels in die Nuwe Testament teruggryp na die eerste bladsy van die Bybel. Ek noem as voorbeelde Romeine 5 en Hebreërs 4.

Hierdie soort vrae is baie belangriker. Genesis 1 is nie in die eerste plek bedoel om ons te laat nadink oor die vrae waarmee ek begin het nie. Die laaste aandagspunte moet in elk geval (en liefs uitvoerig) aan die orde kom. Ek hoop dat dit op 'n Bybelstudie-aand duidelik word hoe onlosmaaklik die skepping met allerhande ander dele van ons geloof verweef is. Ek hoop dat u daardeur geraak word en onder die indruk raak van die geheelbeeld.

## Geskiedenis?

Genesis 1 gee ons geskiedenis. God het op sy tyd baie doelbewus en daadwerklik hierdie wêreld uit niks geskep. En dit was goed, baie goed. Dit was God se inisiatief, dit was God se almag.

Dit sal u egter nie ontgaan het nie, dat talle mense nie glo dat Genesis 1 die regte gang van sake beskryf nie. Baie van hulle is Christene. Raak mens met hulle aan die praat, blyk dikwels dat dit vir hulle ook maar 'n onbelangrike saak is, of Genesis geskiedenis is of nie. Niemand was immers daar nie en wat maak dit saak, die wêreld word mos nie anders daarvan nie?

... hoe onlosmaaklik die skepping met allerhande ander dele van ons geloof verweef is.

Miskien sal hulle u selfs effens bejammer, want u het in hulle oë 'n naïewe agterhaalde wondergeloof, iets uit die vorige eeue. Die wetenskap dwing immers tog tot 'n ander siening oor die ontstaan van die aarde, dan nie?

Hulle sal origens nie Genesis 1 uit hulle Bybel uitskeur nie, maar vind dit op hulle manier mooi: dit is digkuns (met onder andere sewe strofes en allerhande refreinsinne). Dit is 'n mooi getuienis van die Israëliete in die ballingskap. Ontroerend as 'n volk so 'n prentjie teken van sy God. Daarby gaan hulle daarvan uit dat die Jode vir hulle verhaal, van 'n indrukwekkende en baie ouer Babiloniese skeppings- en sondvloedverhaal gebruik gemaak het, die sg. *Gilgamesj-epos*.

## Geskiedenis!


As jy hierdie en ander teenwerpings ernstig op jou laat inwerk dan is dit goed om jouself die

**'n Kerk wat Christus opreg en publiek bely, is altyd relevant in die samelewing, ongeag hoe groot hulle is.**

vraag af te vra: hoekom ons sê dat Genesis 1 geskiedenis is. Waarom hou ons daarmee vol? Watter argumente voer ons eintlik aan?

*Jy moet die Bybel ernstig opneem:* nie alles in die Bybel het in letterlike sin werklik gebeur nie. Daar is bv gelykenisse: verhale wat wel (regtig) vertel is, maar nie noodwendig (regtig) plaasgevind het nie. En visioene en drome oor die toekoms vra om uitleg en verduideliking. Die skeppingsverhaal word egter as geskiedenis aangebied! Genesis vertel dit gewoonweg self: daar word op gegewe tye deur God gespreek en sekere dinge vind plaas.

Aan die begin van die sg. tweede skeppingsverhaal (waar as 't ware op die skepping van die mens gefokus word) staan daar boonop met soveel woorde: 'Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe sy geskape is' (Gen 2: 4). GESKIEDENIS is die woord wat gebruik word, in die Hebreeus *Toledoth*. Steeds as daardie woord gebruik word gaan dit oor betekenisvolle dinge wat regtig plaasgevind het.



Buitendien word daar in die hele Bybel oor die geskape wêreld gepraat. *Die Bybel lê homself uit.* Die Psalms soos 19 en 104 besing die skepping as God se werk. Ons kan ook dink aan die wet (vierde gebod) en let byvoorbeeld ook op wat Johannes in Johannes 1 en 1 Johannes 1 vertel.

En laaste maar nie die minste nie, die Bybel is nie sommer enige boek nie. Dit is die *Woord van God*, en as Hy sê dit het so gebeur dan is dit so. Ek glo Hom op sy Woord. Daar is ook nog baie ander 'ongelooflike' dinge wat in die Bybel op-

geskryf is!

## Geloof

Deur te glo in Genesis 1, beteken dat jy seker is dat die wêreld metterdaad deur Goddelike spreke ontstaan het en nie deur spontane evolusie nie.

Dit beteken ook dat jy die reikwydte van Genesis 1 nie kan beperk tot die spesifieke terrein van geloof en kerk nie. Dit beteken in ons tyd byvoorbeeld dat 'n Christen-wetenskaplike wat nadink oor die ontstaan van die aarde, homself een of ander tyd sal moet konfronteer met wat die Bybel hieroor te sê het.

Die geloof dat die wêreld deur God geskape is, het trouens nie eers omstrede geraak toe Darwin die evolusie-teorie ontwikkel het nie. Die kerk het dit al in die twaalf artikels en in die geloofsbelydenis van Nicea bely. Dit beteken dat daar ook vele eeue gelede al om verskillende redes teen hier-

die waarheid geskop is. U sal hieroor kan lees in 'n groot verskeidenheid boeke, ondermeer wat artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verklaar.

## Wat staan wel daar en wat staan nie daar nie?

Ek het hierdie artikel begin met vrae waarvoor ons volgens my bietjie moet oppas. Ek wil ook daarmee afsluit. Nie deur al die vrae te beantwoord nie, want dit kan nie in een artikel gedoen word nie. Maar wel om u in elk geval eën belangrike wenk te gee. As u oor hierdie onderwerp deur verskillende Skrifgetroue skrywers lees, sal u dalk oplet dat daar met name by die Skrifuitleg

**God is so groot dat Hy oog het vir die allerkleinste**

- HGL Peels

hier en daar verskille is. Dit is moontlik terwyl al die skrywers van harte aan die Skrif wil vashou. As u die verskillende konklusies langs mekaar sit moet u let op die argumentasie. Laat dit goed tot u deurdring. Ontleen 'n skrywer sy argumente vir die uitleg van die Bybel hoofsaaklik aan die natuurwetenskap, of word die Bybelteks self deur 'n ervare fynproewer ontleed? Vergelyk hy Skrif met Skrif of word die uitleg deur menslike logika bepaal en dus met frases deurspek soos: 'dit kan mos nie anders nie.... Uiteraard is dit so, ... Natuurlik moet dit ...'

**Ons moet lees wat daar staan.  
Geloof bly iets wat nie van nature  
in die mens se aard lê nie.**

Wees ook *bedag op te maklike ferm konklusies*, waarby ingekleur word wat die Bybel self oop los. Dit het vroeër gebeur toe daar stellig met die Bybel in die hand ontken is dat die aarde 'n bol sou kon wees. Dit het ook gebeur deur (te maklike) berekenings wat daartoe gelei het dat die aarde presies 5946 jaar oud is, of die bewering dat beendere van dinosourusse deur die Here in die aardlae ingeskape sou wees om mense te beproef. *Wees versigtig!* Die Bybel het sy eie inslag: hy beskryf die heilsgeskiedenis. Dit is Godsopenbaring, en met die oog daarop is die

feite geselekteer en omskryf. Dit was nie 'n twintigste-eeuse geoloog wat besig was om te skryf in sy eie vaktaal en met sekere tipiese Westerse vrae in sy agterkop nie! As ons dit genoegsaam besef nie, kan ons Genesis 1 sommer maklik oovra en te veel antwoorde daarvan verwag.

Aan die ander kant bestaan die gevaar ook dat ons so glad redeneer dat dit wat daar staan soos warm botter uit ons hande gly. Ook daarvan is daar baie voorbeelde: hoeveel wonders in die Ou Testament is nie in verklaarbare natuurverskynsels opgelos waarvoor amper nog 'n God nodig is nie? Hoe knap word die uniekheid van Jesus se rondwandeling op aarde nie deur vele verkleineer en gering geag nie?

Sommiges slaag byvoorbeeld daarin om die skeppingsdae as ses logies opeenvolgende periodes in 'n min of meer evolusionêre proses van vele miljoene jare te sien, waarby 'n skeppende God (wat spreek en dit is daar) nie of nouliks meer aktief is nie.

Dit lyk vir my na 'n poging om skeppingsgeloof en evolusieteorie aan mekaar te gom, terwyl hulle mekaar fundamenteel uitsluit. *Ons moet lees wat daar staan.* Geloof bly iets wat nie van nature in die mens se aard lê nie.

**God se Woord bou nie slegs in die gemeente nie, maar breek ook alles af wat nie Christus is of van Christus is nie**

- JJ van der Krift